# WEEK 4: Josef se droom

**<u>Hulpmiddels:</u>**
Bybel
Spiritbuddy pop en boekie
Snap kaarte: 4x Adam en Eva
4x Noag se ark
4x Josef se droom
4x Moses en die tien gebooie
(Let wel: die ideaal is om ŉ pak kaarte vir elke 4 kinders te hê.)
Inkleurboek: Prentjie van Adam en Eva
Inkleurkryte
Belonings: Lekkers of enige iets wat vir jul sal werk as beloning.

**1. <u>Opening</u>** *(2minute).*
Die groepleier open die byeenkoms met ŉ gebed.

**2. <u>Sing liedere</u>** (5 minute)
Sing 'n paar bekende bewegingsliedere saam.

**<u>3. Terugflits:</u>**
Vra van watter Bybelstorie het ons laas week geleer. Gee vir die een wat die storie kan vertel ŉ beloning. Soms vertel hulle sommer almal saam die storie. Gee hulle kans daarvoor.

**4. <u>Bybelstorie</u>** *(10 minute)*
Lees en vertel vir hulle die Bybelverhaal van Josef se droom soos in Genesis 37 beskryf. Dit is NB dat hulle sien jy gebruik die Bybel.
Rollespel (as daar ouer kinders is, werk dit goed-Gr 2)- terwyl jy die Bybelverhaal lees doen hulle wat jy sê. Neem jou tyd en wees rustig want hulle is nog klein. So voer hul Josef se droom op.

**5. <u>Gebed:</u>** (5 minute)
Trek weer vir Spiritbuddy nader. Spiritbuddy wil hê ons moet vandag die langste vinger gebruik om te bid. Wie kan onthou waarvoor die duim staan? Wysvinger?

Die langeraatvinger (vgl. boekie bl.5) help ons om te onthou om te bid vir mense wat siek, honger en koud is. Vra hulle of hulle so iemand ken? Maak ŉ gebedslysie en bid vir die oumas en oupas of ouers wat siek is. Laat hulle elkeen een sinnetjie bid. (Moenie hulle forseer as hul nie wil bid nie- soos hulle gemakliker raak sal die vrymoedigheid ook kom)

Doen ŉ gebed vir hulle.

VOORBEELD

**6. Snap spel:** (10 minute)
Gebruik die kaarte soos bo beskryf en speel snap. As jy snap sê, moet jy die Bybel storie vertel. **Fokus veral op Josef se droom**. Moenie die kinders penaliseer as hulle nie die Bybelverhaal ken nie. Jy sal agterkom wat hulle van hierdie verhaal weet.

Al het een speler nie meer 'n kaart nie mag hy nog saam speel en selfs ook snap uitroep as dit snap is om sodoende weer kaarte bymekaar maak.

Gee aan elkeen van hulle 'n beloning (lekkertjie of wat jy ook wil gee) vir hulle goeie samespel. Hulle kan dit sommer nou eet.

**7. Inkleur:** (10 minute tot huis toe gaan tyd)
Josef se droom inkleurprentjie of gee selfs skoon vel papier om iets te teken oor Josef se verhaal.

VOORBEELD